

# Huisgeloof

GESPREKSRIGLYNE

---

tema 2

## DORINGKROON

---

### **Gesels Saam**

#### *“DOBBELSTEEN-SPELETJIE”*

Maak beurte om die dobbelsteen te gooi en antwoord die vraag volgens die getal wat jy gegooi het. Indien jy nie ‘n dobbelsteen het nie, skryf kaartjies met ‘n nr. 1-6 daarop en gooi dit in ‘n blikkie. Indien jy later weer dieselfde getal gooi of trek moet jy ‘n nuwe antwoord uitdink!

1. Vertel van iemand wat al vir jou iets baie spesiaal gedoen het. Wat het die persoon vir jou gedoen?
2. Wat maak jou baie bang en hoekom?
3. Indien jy enigiemand vir ete kan nooi, wie sal dit wees en hoekom?
4. Wat sal jy met ‘n R1 000 000 raak indien jy dit nou wen?
5. Hierdie virus het die wêreld omtrent op sy kop.. dink jy daar kan enigiets goed vanuit die tyd kom en hoekom sê jy so?
6. Wanneer die tyd van tuisbly verby is, wat is die eerste ding wat jy gaan doen?

### **Aanbid**

Sing een van jul gunsteling liedere saam. Die internet is ook vol lof en aanbiddingsmusiek. Lofprysing is een van die beste teenmiddels vir angstigheid. Sit vir jou huismense ‘n aanbiddingslied op, lê saam op jul rug op die mat en luister toe-oë daarna.



## Lees | *Matteus 27:27-31*

Hierdie tyd van swaarkry vir die wêreld val ook saam met die kerkseisoen wat ons **Lydenstyd** noem. In Lydenstyd dink ons juis daarvoor dat Christus mense se lyding verstaan en dat ons nooit alleen swaarkry nie.

- Watter emosies, dink jy, het Jesus beleef terwyl hy sò bespot en mishandel is?
- Hoe help dit jou om te weet dat Jesus **swaarkry** en **lyding** verstaan?



## Aktiwiteit

Ons maak ons eie legkaart met 'n doringkroon. (Sien aangeheg 'n templaaf vir legkaart en doringkroon indien jy nie self wil teken nie.)

### *Jy benodig:*

Karton, uitdraai kryte of koki's, gom en 'n skêr.

Gebruik die templaaf van die doringkroon of teken jou eie kroon en kleur in.

Jy kan ook 'n mooi agtergrond bysit met ander elemente soos die kruis. Kleur dit nou in. Jou hele agtergrond moet ingekleur wees.


Jy is nou reg om jou legkaart uit te knip en te begin bou. (Vra vir mamma of pappa om te help knip indien jy sukkel.)


Terwyl jy bou en dalk sukkel om die stukkies te pas...dink aan hoe Jesus moes voel toe Hy gespot en die kroon van dorings op sy kop gesit is.

Handige nota: Jy kan die legkaart uitdruk op harde karton of jy kan dit plak op lekker stewige herwinde karton (bv. 'n ou papboks).

Gebruik sommer die templaaf om nog legkaarte te maak. Jy kan prente uitdruk van ou familie-foto's en dan sommer jul eie familie-legkaart maak.







## **Uitdaging vir die week**

Dis skoonmaak- en regpaktyd! Laat elke lid van die huis sy/haar eie kas uitpak en die klere wat hy/sy nie meer gaan dra nie, in 'n swartsak bêre. Gaan gee dit by die ACVV winkel of by die G-Voucherprojek af, sodra die afsonderingsperiode verby is.

## **Gebed**

- Ons bid vir ons regering en ons president.
- Ons bid vir dokters, verpleegsters en medici wat nou ekstra hard werk.
- Kom ons bid dat dié tyd van afsondering 'n besondere tyd van geestelike verdieping sal wees.
- Stel jou foon vir 5 voor 12 en staan vir 'n oomblik stil. Herinner jouself aan God se teenwoordigheid.

## **Opsioneel**

Kyk gerus na die vertelling deur die “Bible Project” oor hoe Jesus se lyding en swaarkry vir ons verlossing gebring het. (soek “Bible Project Messiah” op Youtube indien die knoppie hieronder nie werk nie)



*BRON: Verwerking vanuit “Vreesloos. 'n 6-weke saamreisgids vir Lydenstyd” uitgegee deur Bybelmedia*